GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

Inleiding

Hierdie Gedragskode is opgestel en goedgekeur deur die Bestuursliggaam na oorlegpleging met die opvoeders, ouers en leerders van Laerskool PAM Brink en sal jaarliks hersien word. Hierdie beleid is opgestel in ooreenstemming met:

- Die Konstitusie van Suid-Afrika.
- Nasionale Onderwyswet (Artikel 27/1996)
- SA skolewet (Artikel 84/1996) asook Amendment Act 2002
- Toelating van leerdersbeleid (General Notice 4138/2001)
- Gauteng Skolewet (Artikel 6/1995)
- GDO – omsendskrywes

Die doel van die gedragskode is om, soos saamgevat in die Skolewet van 1996 en saamgelees met die Wet op Menseregte, 'n gedissiplineerde en 'n doelgerigte skoolomgewing te skep, wat toegewy is aan die bevordering van die leerproses en algehele opvoeding van ons leerders. Sodoende word alle leerders se regte beskerm.

Definisies
'Leerder' beteken 'n kind wat by Laerskool P A M Brink onderrig ontvang
Opvoeder/onderwyser persoon wat leerders opvoed en onderrig
'Buitemuurse aktiwiteite' skoolaktiwiteite wat na skoolure plaasvind
'Dissiplinêre proses' stappe wat gevolg word om dissipline toe te pas of te herstel.

Elke leerder kry gedurende Januariemaand of met inskrywing 'n 'Gedragskode'. Ouers/voogde moet die 'Onderneming deur ouer/voog' onderteken en terugbesorg by die skool.

Skoolreëls

By die leerders moet 'n sterk pligsbesef gekweek word, om swak prestasies en onaanvaarbare gedrag uit te skakel. Skoolreëls ondersteun dissipline.

Hierin moet die ouerhuis en skool saamwerk.

1. **Skoolbesoek**

- Swak skoolbesoek benadeel leerders se vordering.
- Ouers van stokkiesdraaiers is strafbaar deur die wet.
- Verskoningsbriefies moet na afwesighede by die leerder se voogonderwyser ingehandig word.
- Leerders mag slegs in uiterste gevalle tydens skoolure uitgeteken word en slegs deur ouers.
- Leerders mag nie tydens eksamentye vroeg gehaal word nie.

2. **Persoonlike voorkoms van leerders**

Leerder moet altyd ware ambassadeurs vir ons skool wees, veral as hulle in skooldrag geklee is.

2.1 **Skooldrag**

Seuns

- Swart toeryg skoolskoene met grys skoolkouse.
- Grys lang- of kortbroek.
- Wit kortmou hemp met skoolwapen op sak in somer.
- Langmou hemp, sonder wapen, in die winter.
- Donkerblou das, met skoolnaam in die winter. Leiers verpligtend.
- Donkerblou skooltruie, of skoolwindjakker word in die winter gedra.
- In winter wit skoolhemp, of skool gholfhemp en swart skoene.

- Skoolkleurbaadjie is verpligtend vir leiers. Ander leerders opsioneel.

Dogters

- Swart, plathak skoolskoene met donkerblou kort kouse met goue strepe.
- Geruite rokkie met wapen op die sak.
- In die winter dra rokkie met swart broekiekouse.
- Of donkerblou langbroek (nie sweetpakbroek nie) wit hemp en das.
- Skoolwindjakker en trui soos seuns.

2.2 **Hare**

- Netjies en skoon.
- Geen hare wat oor die gesig hang nie.
- Geen gekleurde hare, of modegiere soos 'n 'mowhawk, steps of undercutt' nie.
- Slegs gel as hare korter as 3cm is.
- Dogters se hare wat skouerlengte is, moet vasgemaak word met rekkies en linte - donkerblou, wit, of goudgeel. Geen groot knippe en ander versierings nie.

2.3 **Naels**

- Kort, skoon naels.
- Geen naellak of Franse manikuur nie.

2.4 **Algemeen**

- Skoolhemde moet altyd ingesteek word.
- Geen seilskoene word skooltoe gedra nie.
- Sportdrag word slegs tydens wedstryde/byeenkomste gedra - nie tydens oefening nie. Indien 'n byeenkoms/wedstryd direk na skool plaasvind mag deelnemers wel sportdrag met skool se sweetpak skooltoe aantrek.
- Geen pette, musse of hoede nie.
- Serpe en handskoene donkerblou.
- Mag kaalvoet skool toe kom.
- Alle klere en skoene moet gemerk wees.
- Geen juwele of versierings mag gedra word nie, behalwe netjiese horlosies, seëlringe of mediese plaatjies.
- Dogters slegs een stel goue 'studs' in ore.
- Geen juwele tydens sport nie.
- Geen grimering nie.

3. **Gedrag tydens buitemuurse aktiwiteite**

- Respek vir nie afrigters en besoekers aan die skool.
- Om vir die genot aan sport/kultuur deel te neem en nie in konfliksituasies betrokke te raak nie. Speel volgens die reëls.
- Verskille met beamptes/skeidsregters met afrigter te bespreek en nie ontevredenheid op baan/veld te wys nie.
- Om goeie sportmangees te beoefen en erkenning te gee aan opponente vir goeie spel.
- Om opponente nie te beledig nie.
- Sportklere, -apparaat en kleedkamers met sorg te gebruik.
- Pligsgetrou te oefen en nie laat te wees vir oefeninge nie. Maak verskoning as oefening nie bygewoon kan word nie.
- As toeskouer vermy ongewenste opmerkings, en respekteer die skeidsregter se beslissings.

4. **Gedrag in die klaskamers**

- Ontwrigting van klasroetine word nie toegelaat nie.
- Respekteer die onderwyser deur opdragte stiptelik uit te voer.
- Mag nie op meubels of mure gekrap word nie.
- Alle skrifte en handboeke moet met plastiek oorgetrek wees.
- Huiswerkopdragte moet stiptelik uitgevoer word.
- Geen balspele word in die klas toegelaat nie.
- Gehoorsaam die klasreëls.
- Respekteer die ander leerders se eiendom, kulture, talente en tekortkoming.
- Werk positief saam in 'n groep.
- Mag nie sonder 'n toestemmingskaartjie die klas verlaat nie.
- Mag nie in die klas eet nie. Kougom ontoelaatbaar.
- Geen speelgoed, selfone en ander digitale apparate, behalwe sakrekenaars, in klas nie.
- Aantree as die klok gelui het en wisseling van klasse geskied stil en ordelik.
- Geen eetgoed mag na pouse in die klaskamer of op die stoepe klaar geëet word nie.
- Wanneer afkondigings oor die interkom gedoen word moet alle leerders stil wees en luister.
- Alle klasse moet bygewoon word.

5. **Gedrag op die skoolgronde**

- Mag nie rommel rondstrooi nie.
- Geen leerders mag sonder toesig en toestemming pouses in klaskamers, op stoepe, in die saal, mediasentrum of rekenaarsentrum wees nie.
- Met geen persoon deur die heining of hekke gesels of iets ontvang nie.
- Seuns en dogters speel apart op toegewysde terrein.
- Dogters agter C-Blok of onder palmbome.
- Gr. 4 - 7 Seuns op rugbyveld.
- Kleiner seuns agter en langs B9.
- Geen fietse, skaatsplanke, 'rollerblades' of ander speelgoed op speelgronde nie.
- Geen spelery in kleedkamers nie.
- Geen beskadiging van kleedkamers en geboue nie.
- Gedurende vakansies en naweke mag geen leerders op skool of sportgronde speel nie.
- Geen gevaarlike speletjies of speelgoed, soos harde krieketballe, klappers, ens. nie.
- Geen gerokery sal geduld word nie.
- Na skool moet leerders binne die skoolterrein vir ouers wag - nie op sypaadjie nie.
- Geen Gr. 1 - 7 leerders op Voorskoolse terrein nie.
- Gehoorsaam skolierpatrollie en steek strate oor byskolierpatrollie, selfs as ouers saamstap.

6. **Gedrag van leerders teenoor ander leerders**

- Van leiers word verwag om goeie orde aan te moedig, daarom word van ander leerders verwag om hulle te ondersteun.
- Wees verdraagsaam teenoor mekaar, moenie onnodig kwaad word of mekaar kwaad aanspreek nie. Moenie afknou, dreig, spot of rondstamp nie.
- Respekteer mekaar se afkoms, kultuur, godsdiens, gewoontes en taal.
- Leerders moet hulle bes doen in enige span- of groepwerk, en nie maats in die steek laat of teleurstel nie.
- Respekteer mekaar se eiendom.
- Geen artikels mag tussen leerders geruil of verkoop word nie.
- Wees altyd lojaal teenoor mede-skoliere, spanlede en maats.

7. **Algemene skoolreëls**

- Wees altyd stiptelik- vir skool, volgende periode, sportoefening. Inhandiging van huiswerkopdragte, saalopening en ander aktiwiteite. Laatkommers moet in boek teken.

- Swak taalgebruik, baklei, lelike gesprekke, swak gedrag, stokkies draai, kwaadpraat van medeleerders, afskryf van huiswerk, lakse houding, steel, rassisme en kougom sal nie geduld word nie.
- Wanneer 'n leerder verhuis moet alle handboeke, mediaboeke en sportklere ingehandig word.
- Leerders moet al hul eiendom merk en oppas - eie verantwoordelikheid.
- Pornografiese materiaal is ontoelaatbaar.
- Alle skeurstrokies moet volgende dag terug wees by skool.
- Geen leerders in die personeelkamer nie.
- Skooltasse moet stewig, met afskortings en standaardgrootte wees en die nodige beskerming vir boeke bied.
- Geen leerders mag self sy/haar ouers tydens skoolure skakel nie. Indien nodig sal kantoordames ouers skakel.
- Verlore artikels moet by kantoor ingehandig word.
- Enige leerder mag die reg ontneem word om die graad sewe afskeidsfunksie by te woon indien gedragskode oortree word.
- CSSTV word in die klasse en op die terrein gebruik om dissipline te handhaaf en vandalisme en inbrake te voorkom.